## REDAKSIONEEL

### PROF. H. RIDDERBOS EN IN DIE SKRIFLIG

IN *Gereformeerd Weekblad* (Febr.) neem prof. H. Ridderbos uitvoerig die kommentaar uit *In die Skriflig* (Nr. 40) oor die GES in 'n atmosfeer van onluste oor. Hierdie gebaar word hoog waardeer. In 'n kort opmerking noem hy die verwysing daarin na „die belangstelling, kontakte en bedrywigheid" wat ds. Vos uit die GKN t.o.v. swart en bruin N.G. afgevaardigdes aan die dag gelê het, 'n blatante voorbeeld van „verharding".

Dit lyk dus asof prof. Ridderbos my opmerking vertolk as kritiek op „kontak" vanweë 'n fanatieke „apartheids-ideologie" — en dit terwyl ek op die GES met swartes uit verskillende deputasies „kontak" gesoek het! Ds. Vos het met die swart manne uit ons kerke *geen* „kontak" gesoek nie.

Die punt in geding is dus nie „kontak" nie — maar 'n opvallende bedrywigheid rondom die N.G. deputasies wat deurlopend te midde van onluste persverklarings uitgereik het. Is dit „verharding" in Bybelse sin om dan manipulasie te vermoed?

Sou prof. Ridderbos anders geoordeel het as 'n Suid-Afrikaanse afgevaardigde tydens die Molukkers se treinbeleg voortdurend en uitsluitend met van hulle leiers besig was?

### Teoloog — koning of dienskneg?

Die stelling van dr. B. Rietveld wat dr. C. J. Malan in die volgende artikel „paternalisties" noem, signalleer 'n bepaalde opvatting wat moontlik deur die „calvinisme" en wysbegeerte van die Wetsidee ook onder gereformeerdes kon posgevat het. Vandag eis teoloë en predikante dikwels 'n vrypas om kritiek en oordele oor die maatskappy (sosiale strukture), politiek en wetenskappe uit te spreek, terwyl hulle luidkeels protesteer wanneer iemand vanuit 'n ander „wetskring" die predikant of 'n aksie met 'n christelike gedaante beoordeel, veroordeel of selfs belet.

Die vry en ongenuanseerde sê van die dominee dateer uit die corpus christianum toe die biskop homself as opsiener oor die vors beskou het. Dit is verder gedra deur die ou piëtisme (selfs die anabaptistiese rewolusie met sy subjektiewe lumen internum as die woord van God) en die Rooms-Katolisisme wat die Platoniese dualisme so toepas dat die dominee die hoër genaderyk en die res die laere natuur verteenwoordig. Dit kan dan nou selfs uit „calvinistiese" kringe na vore kom wanneer die dominee meen dat hy vanuit die koning-wetenskap oor ander praat. Sodoende wil dominees vandag weer soos Innocentius III in die 13e eeu die keiser, staat, kultuur en elke faset van die natuurlike menslike lewe domineer asof hulle onfeilbaar die woord van God spreek.

### Die GES op weg na politieke ekumene?

Die gereelde nuusbrief van die GES, RES *News Exchange* het in die verlede op besonder hoë standaard die „lidkerke" met mekaar in

voeling gehou. Die bronne waaruit inligting gehaal was, was oorwegend offisieel, kerklik en betroubaar.

Die RES NE van 7 Junie 1977 berig dat die NG Kerk met die regering gebots het oor die verdedigingsobligasies. Daarna word egter met kommentaar uit die United Congregational Churches (gebore uit die sending van die London Missionary Society) en van *The World*, 'n sekulêre swart koerant, die protes van die NGKSA verdag gemaak, naamlik dat die NGKSA oor lotery en nie oor sosiale en politieke vrae met die regering sou gebots het! Die RES NE berig (nogal uit daardie bronne!) die hele probleem tipies Amerikaans in vassistiese terme van „white minority" en „black majority" — sonder enige verwysing na of begrip vir die multinasionale, geografiese, historiese en ekonomiese werklikheid binne dié Suid-Afrika wat Britse imperialisme gebou het.

## Die RES NE mondstuk vir Genève?

RES NE verwys verder na 'n toespraak van ds. Sam Buti oor die „racial situation" voor 'n groep Remonstrantse broeders in Nederland. Hy bestempel die Suid-Afrikaanse politieke sisteem as „violent" en ondersteun die breuk van alle „economic ties with South Africa". Buti het nie eerste die etiket van strukturele geweld en „program" van beïnvestering teen Suid-Afrika bedink nie. Die WRK te Genève het dit gefabriseer. Reeds in 1974 was die Sinodes van die Geref. Kerk en Herv. Kerk in Nederland daarmee besig. In Suid-Afrika smous Beyers Naudé lankal daarmee. Buti het in Nederland sy spyt uitgespreek omdat hy nou eers hierdie made-in-Europe-for-South-Africa artikel begin verkoop.

Buti word in RES NE aangehaal omdat hy 'n predikant is. Hy het nog nooit in Suid-Afrika gangbare alternatief bepleit nie. Die Eerste Minister het hom en die GES moderatuur immers verlede jaar genooi om met hom te onderhandel. Buti vereenselwig hom egter oorsee met die program van die WRK en die Christelike Instituut en probeer sy land en mense ekonomies skade berokken. Sy persoonlike beeld van Suid-Afrika word selfs op koste van die SA „lidkerke" deur RES NE versprei as „offisieel" en die waarheid oor Suid-Afrika. Word RES NE so mondstuk vir Genève? Of het ons hier 'n eggo van pres. Carter en die WRK se ongenuanseerde en ideologiese veldtog vir „human rights" wat Carter en die WRK definitief nie eners bedoel nie? Die WRK se „just society" is tog duidelik die sosialistiese!

## „Aparte" Christen-norme vir wit en swart?

Ek is oortuig dat alles in Suid-Afrika net soos in Nederland, die VSA, Ierland en Afrika nie in orde is nie. Ek verskil egter met Buti se onverantwoorde verklaring dat nog *min* verander het en daarom moet Suid-Afrika ekonomies gebreek word. Hy kan dit slegs beweer wanneer hy vanuit 'n bepaalde opset oordeel of mense buite Suid-Afrika napraat wat slegs met 'n volle sosialistiese rewolusie tevrede sal wees.

Ek wil as 'n blanke Christen genuanseerd praat. Ds. Buti moet egter as 'n swart Christen ook genuanseerd praat oor wat by wit, bruin en swart in Suid-Afrika en by die mense buite Suid-Afrika moet verander. Anders is hy nie geloofwaardig nie.

## Ware ekumene uit Apeldoorn

Ons waardeer die artikel van prof. J. P. Versteeg uit Apeldoorn. Sy onderwerp is immers pragtig „ekumenies": Ou-Testamentiese sitate in die Nuwe Testament. 'n Nederlandse teoloog voor die GTV Pretoria en sy bydrae vir *In die Skriflig.*

## Gelukwensing

Ons wens die teoloë wat op die jongste gradeplegtigheid van die PU vir CHO gepromoveer het van harte geluk. Prof. F. N. Lion Cachet het gepromoveer oor: *„Die kontinuïteit van die Abrahamitiese verbond in die opset van die Sinaïtiese verbond".* Dr. P. J. Pelser het: *„Die roeping tot sigbaarmaking van die katolisiteit van die kerk"* en dr. H. F. van Rooy in Semitiese tale: *„'n Vergelyking van die struktuur van die buite-Bybelse staatsverdrae — met die struktuur van Deuteronomium"* aangebied.

Ds. B. van der Walt het die Th.M.-graad verwerf met 'n verhandeling oor *„Rypheid en aflegging van geloofsbelydenis".* Ons vertrou dat hierdie promovendi ook *In die Skriflig* sal gebruik vir en ondersteun met teologiese bydraes. B. S.